

GE-ZOID!



UITVERKOOP Byna 6 000 aanhangers was gisteraand op hulle voete by die Republiek van Zoid Afrika-konsert by Coetzenburg op Stellenbosch. Karen Zoid het die gehoor in die palm van haar hand gehad saam met Francois van Coke, Anneli van Rooyen, Bobby van Jaarsveld, Emo Adams, Zolani Mahola, Kahn Morbee en Vicky Sampson. Die Woordfees duur tot môreand. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Trotse borg en lid van die

WORDFEES - FAMILiE

MEDIA 24

Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR NOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN NOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bittermooi lirieke van onder andere
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,
Koos Kombuis en Francois van Coke.
Die 2016 Sanlam Musiekfees, 4-13 Maart.

www.sanlam.co.za/sponsorships



Sanlam
Welvaartmeesters

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met

Die diepste poel van Winterbach se werk

Ingrid Winterbach: Vlakwater. ATKV-boektent.
Die gesprek was gister om 10:30.

Louise Viljoen is ’n pro. Drie, vier sinne ter inleiding en die skrywer, dié mens waarvoor die feesganger opgedaag het, is aan die woord.

Geen lang inleidende monoloog om haar literêre kennis ten toon te stel nie, op die vrou af en daar gaat jy – neem kennis ander fasiliteerders...

En van een pro na ’n ander is die gesprek tussen Viljoen en Ingrid Winterbach een van daardies wat só vloei, dis asof ons hier terloops op die twee afgekom het waar hulle in die voorhuis sit en koffie drink en heel toevallig oor die skrywer se jongste roman, *Vlakwater*, praat.

“Waar kom die idee van ’n roman soos hierdie vandaan?” het Viljoen gevra terwyl die wind raserig aan die tent geruk en pluk het.

“Ek sien agter in die erkennings dat jy Murray La Vita bedank wat jou op allerlei ingewings gebring het. So uit watter soort ingewings spruit ’n roman soos hierdie?”

Winterbach het gesê dis altyd moeilik om terug te gaan op jou eie spore omdat ’n roman op soveel plekke ontstaan.

“Ek en Murray het ’n tyd gelede ’n verhaal op Facebook saamgestel en ’n paar van die motiewe in hierdie Facebook-pleegsel van ons – soos die sywurms, die dood van Buks Verhoef en die hele reis na die Weskus... dit was amper of die rekwisiete hulle aangemeld het voor die hoofkarakters.”

Viljoen wou ook weet hoekom Winterbach juis haar roman *Vlakwater* genoem het, aangesien dit dieselfde titel as die karakter in haar boek, Viktor Shoeman, se boek is. “Wou jy sekere verbande lê tussen jou roman en Viktor s’n? Wou jy sekere leidrade daar lê? Identifiseer jy jouself met Viktor Schoeman as ’n skrywer?”

“Nee,” het Winterbach gesê, “ek dink Viktor Schoeman is die soort skrywer wat ek graag sou wou wees en *Vlakwater* is die soort roman wat ek graag sou wou skryf. En dan word dit natuurlik ’n interessante spel – as jy jou eie roman *Vlakwater* noem omdat dit so anders is as die *Vlakwater* in die boek.”


Wanneer ’n mens dink aan die ruimtes in die roman, sê Viljoen, is Stellenbosch nogal ’n belangrike ruimte.

“Stellenbosch word gesien deur die oë van die ekverteller, wat ’n vrou is wat haarself nie so maklik aan die skoonheid van die plek gaan oorgee nie – hoewel sy baie ingestel is op die berge. Stellenbosch word eintlik gesien deur haar oë en sy het maar partykeer ’n wrang blik... op dinge in die algemeen.”

In haar resensie van *Vlakwater* skryf Viljoen die roman gee ’n indringende – en soms ook satiriese – beeld van die kontemporêre samelewing, “veral op kwessies soos die uitwerking van die verbruikerskultuur op kreatiwiteit, geweld op alle vlakke van die samelewing, die kontraste tussen armoede en welvaart en die ongelykhede tussen mense”. Maar ook dat *Vlakwater* die produk is van ’n romanskrywer wat volkome in beheer is van haar vak.

“Winterbach het ’n unieke stem wat nou besig is om deur middel van vertaling deur te dring na die groter wêreldtoneel. Met hierdie roman behoort sy nog meer aanhangers te wen, binne en buite Afrikaans.

“*Vlakwater* is myns insiens een van die hoogtepunte in haar onlangse werk,” het Viljoen geskryf. – **Jo Prins**



Jana Cilliers het ook tougestaan vir ’n kopie van Ingrid Winterbach se *Vlakwater*. FOTO: NATALIE GABRIELS



bly • hlala
happy • stay
ulonwabo

**GRATIS PRET
VIR DIE HELE
GESIN!**



Pryse te wen!
**Handgemaakte
skaatsplanke, 2bop pette,
hoela hoepels, vlieërs**

13 MAART
GRATIS

15h00
Kortfilmvertonings, piekniekfasiliteite,
kosstalletjies
17h00
Interaksie en gratis lesse in: Origami,
hoelahoep, vlieërs maak, kletsrym
19h30
Voorvertoning: Inzync kletsrym

20h00
Lofdigter: Malika Ndlovu
Aankondiging van top 5 inskrywings
Vuurseremonie (poi dansers,
lanterns en brand van die
vlerkflappende feniks)

SPONSORED BY



**NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED**

OTHER PARTNERS AND SPONSORS



Universiteite: Europa of Afrika?

Diskoers

Monitor op RSG. Donderdag.

Die verwysing van Solidariteit se Flip Buys na mense as Raka – die half dier en half mens – is gebruik in die konteks van optrede en nie na enige groepering, taal of kultuur nie. Só het AfriForum Jeug se Ian Cameron Donderdag verduidelik tydens die program *Monitor* op RSG as deel van die Woordfees-diskoers, waar studenteiers kans gegee is om hul stemme te laat hoor.

“Natuurlik is dit onaanvaarbaar om só na mense te verwys, maar Flip het net verwys na hul optrede.”

Cameron was saam met James de Villiers, ondervoorsitter van die Universiteit Stellenbosch se studenteraad, op die paneel. Volgens die aanbieders van die program het verteenwoordigers van die #RhodesMustFall-veldtog en Open Stellenbosch Forum nie gereageer op uitnodigings om aan die bespreking deel te neem nie.

Die vraag was gestel of studente se stemme regtig gehoor word.

“Die universiteit [Stellenbosch] het begin met transformasie, maar ons het ’n ver pad om te gaan” het De Villiers gesê.

“Ons is nou by ’n baie interes-

Moenie laat die kinders hoor nie



Marisa van der Merwe en Katinka (5 maande) kuier by De Vette Mossel. FOTO: NATALIE GABRIELS

sante plek – wil die universiteit Europees wees of Afrika weerspieël?

“As jy in Victoriastraat afstap, sien jy al hierdie geboue met name wat niks anders as ’n Afrikaanse prentjie weerspieël nie – hoe kan

jy dan verwag dat studente wat nie daarby aanklank vind nie, sal tuis voel?”

Cameron het gesê universiteite moet in ’n nasionale konteks gesien word.

“Van die 101 kampusse in die land is net één Afrikaans. Maties is gebou deur mense wat Afrikaans was. Ons moenie daardie erfenis verloor nie. Maar ons moet nuwe name vind wat inklusief is.”

Hy het gesê demografie moet besluit ’n rol speel wanneer daar besluit word oor watter tale ’n universiteit vir onderrig gebruik.

De Villiers en Cameron het verskil oor studente-betrokkenheid.

“Die nasionale gesprek is baie beperk by Maties. Hier is baie apatie onder studente, maar konflik ontstaan vinnig. Ons moet beseef elkeen moet kompromieë aangaan om seker te maak almal voel tuis.”

Cameron het egter gesê dis nie apatie nie, eerder dat student gefokus is op hul studies en dit prioritiseer.

Morné Mostert, uit die gehoor, wou weet of in ’n land met 11 amptelike tale, die eis dat Stellenbosch se onderrigtaal Engels moet wees, nie baie meer studente sal uitsluit nie.

“Maties is die enigste universiteit wat drie tale wil ontwikkel – Afrikaans, Engels en Xhosa. Dit was nooit op die tafel om Afrikaans uit te sny nie,” het De Villiers gesê.

Volgens Cameron moet universiteite beslis so inklusief moontlik wees, maar hy het ’n ander mening as De Villiers gehad oor Afrikaans.

“Een dag toe hoor ons Afrikaans gaan nie verdwyn nie, die volgende dag kry die regs fakulteit ’n brief dat al die klasse nou in Engels gaan geskied. Hoe verduidelik ’n mens dit?” – **Jo-Ann Floris**

DIE BYBEL IN JOU TAAL



www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

Psalm 75:5

Vir verwaande mense sê ek:
“Moenie verwaand wees nie.”
Vir die goddelose mense:
“Moenie horings oplik nie.”

horings oplik: 'n Idioom vir kragvertoon en verset.

SÊ JOU SÊ BY:
www.bybeldirektevertaling.co.za

Diskoers

Frederik Van Zyl Slabbert-
gesprekreeks. Diskoers.
Die Khaya. Donderdagaand.

Die protesoptredes by uni-
versiteite is nie persoonlik
gemik teen die vise-kanse-
liers of instelling nie. Dit is eerder
simptomaties van die jeug wat
kwaad en ongelukkig is met die
pas van transformasie.

Armoede, ongelykheid,
korrupsie en werkloosheid is die
hedendaagse *Four Horsemen of the
Apocalypse*, het prof. Wim de Vil-
liers, rektor en vise-kanselier van
die Universiteit Stellenbosch (US),
Donderdagaand hier gesê.

Hy was saam met dr. Max Price,
sy ampsgenoot van die Universiteit
van Kaapstad (UK), in gesprek met
Henry Jeffreys oor die pad voren-
toe vir universiteite.

Die gesprek was egter net
halfpad toe 'n groep studente by
die lokaal instap en plek inneem
op die verhoog. Minute later het
hulle begin om met die rektore en
gehoor te praat, en toe begin sing.

Die gesprek is kort daarna
afgestel. De Villiers is vinnig
van Die Khaya, waar die gesprek
plaasgevind het, verwyder, maar
die studente het aanvanklik gekeer
dat Price, wie se motor op die
perseel geparkeer was, kon inklim
of uitry. Die situasie is ontlont en
'n student, wat haarself net as Sis'
Pinky, 'n regstudent, bekend gestel
het, het Price na sy motor begelei.

"Hierdie studente moet weet
watter fights om te fight. Hulle
baklei met die verkeerde mens.
Hulle moet weet wanneer en met
wie om te baklei."

Volgens Saartjie Botha, direk-
teur van die Woordfees, is baie
van die diskoersgeleenthede gratis
sodat enigiemand dit kan bywoon
en 'n bydrae maak, met die ver-
onderstelling dat dit op 'n ordelike
manier sal geskied.

"Dit is jammer die studen-
te het nie die geleentheid meer
konstruktief benut nie. Tydens die

Jy hoef nie op jou hoede te wees vir kuns nie



Alex Hamilton gesels oor Jaco Sieberhagen se werk tydens een van sy insiggewende kunsrondleidings. Die fees se laaste kunsrondleidings is vandag en môreoggend om 09:00. Alex sal jou by die Hofmeyrsaal ontmoet. FOTO: NATALIE GABRIELS

Studente mis debatbus

voorafgaande klompie minute was
dit duidelik dat sowel prof. Wim as
dr. Price bereid was om openhartig
oor die uitdagings waarmee hul
instellings gekonfronteer word, te
praat."

De Villiers het ook die ver-
speelde kans betreur. "Daar is oop
kanale wat studente en personeel
enige tyd kan gebruik om kwessies
wat hulle pla, te opper."

Hy het ook gesê die studente
se optrede was onaanvaarbaar,
veral in die lig daarvan dat die
gesprek juis wou fokus op van die
vraagstukke wat vir die studente
belangrik is.

Maar voor die gesprek gestaak
moes word, het De Villiers gesê
einde verlede jaar het dit vir hom

gevoel of dinge bietjie bedaar het.

"Die departement van hoër
onderwys het geld bewillig sodat
daar nie verhoging in klasgelde
kon wees nie, die presidensiële
taakspan is aangestel om die
kwessies te ondersoek en daar was
'n begrip vir die makro-ekono-
miese uitdagings."

Sowel hy as Price het gesê hulle
was onkant betrap deur hoe vinnig
die protesoptrede geëskaleer het,
en reken partypolitieke toetrede
tot die "stryd" het dit 'n ander
rigting laat inslaan. Hulle het ook
kommer uitgespreek oor bewer-
ings dat al die protesoptrede 'n
klimaks gaan bereik met die
40-jarige herdenking van die
Soweto-onluste in Junie.

Price het gesê hulle kan nie
wat op kampusse gebeur, skei van
die sosio-ekonomiese toestande
waaruit baie van die studente kom
nie. Hy het verwys na die "missing
middle" – studente wat nie kwali-
fiseer vir staatshulp nie, maar ook
nie op hul eie universiteitstariese
kan bekostig nie.

"Dis hierdie studente wat ons
ook probeer help, maar studente
moet weet daar moet kompro-
mieë aangegaan word sodat geen
student benadeel word nie."

Hy het gesê eksterne partye buit
dikwels die woede oor beloftes wat
nie nagekom is nie – soos gratis
onderrig en om 'n einde te bring
aan uitkontraktering – uit vir eie
gewin.

"Ons het nooit 'n revolusie
gehad nie, en nou begin dinge te
borrel."

Intussen het die US in 'n
verklaring gesê 'n saak van brand-
stiging en saakbeskadiging is aan-
hangig gemaak nadat 'n brand net
ná 22:00 in die kelderverdieping
van die Administrasie B-gebou
uitgebreek het.

Die motor van 'n student wat
voor die gebou geparkeer was, is
ook aan die brand gestee, maar
sekerheidspersoneel het gehelp om
dit te blus.

Aanvanklike aanduidings is
dat die skade aan die kantoor en
glasdeure by die ingang sowat
R300 000 beloop.

– Jo-Ann Floris

ONTDEK
'n NUWE
Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV-
BOEK-
WINKEL

Ons omvangryke boekwinkel* is terug met 'n fees van boeke vir boekleefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunstelingkrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die Woordfees.

*Agter die US Museum

ATKV-
BOEK
TENT

Kom loer daaglik vanaf 11:00 tot 14:00 in by ons ATKV-kontakpunt langs die ATKV-Boektent om meer uit te vind oor die ATKV, Vriende van Afrikaans, ons kultuur- en erfenisprojekte, spesiale ATKV-Goudini Spa fees-aanbiedings, 'n Taalgenoot-intekenpromosie, Negester en talle meer. **ATKV - ontdek 'n nuwe wêreld!**

VANDAG, 12 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEK TENT:

09:00 - 10:00	Wat maak Stellenbosch uniek?
10:30 - 11:30	Alexander Strachan: Brandwaterkom
12:00 - 13:00	Dana Snyman: In die blou kamp
14:00 - 15:00	Immergewilde kinder karakters: 'n kuier saam met Bennie Boekwurm en maats
15:30 - 16:30	Misdaadskrywers: feit of fiksie?
17:00 - 18:00	Digtersparadys

@ATKVSA

ATKVSA

#ONTDEKAFRIKAANS

Deel die wyses waarop jy nuwe wêreld in Afrikaans ervaar en staan 'n kans om 'n jaar se Taalgenoot leesgenot te wen. Plak jou foto-ervarings op ons Facebook-muur of deel dit via twitter met die hutsmerk #OntdekAfrikaans

www.atkv.org.za

ATKV

Wenners op elke platform sal daaglik via sosiale media in kennis gestel word. Pryse moet tydens die fees by die ATKV-Boekwinkel betaalpunt afgehaal word. Bewys van identiteit noodsaaklik.

Adam Small 80

Die liefde ontbreek nie

Jo-Ann Floris en haar nefie het Kô, laat ons sing! gaan kyk. Hier is die hoogtepunte.

Die amper broos figuur met die steeds groot bos wit hare sou maklik ingesluk kon word deur die groot verhoog. Maar daar staan Adam Small – sommer net Prof. – toe Donderdagaand, en die krag en grootsheid van sy gedigte maak van hom ’n figuur wat bo alles uitroon op die Spier-amfiteater se verhoog.

Die konsert was ’n 80ste verjaardag-huldeblyk tydens die Woordfees aan die digter en dramaturg wat lank, lank gelede al die moed gehad het om bruin mense te laat praat. Oor die goed wat krap, as hulle bly was of kwaad was vir die Here oor ongeregthede. Maar ook met die grootste deernis skryf van sy verwondering vir sy vrou, Rosalie.

Die aand begin met ’n eenvoudige vraag, een van sy gedigte: “Die poet, wie’s hy? Djulle het so baie bek oor die poet ma wie’s hy?”

*Is hy rerag soes djulle dink
Die ou moerie pen ennie ink wat in sy study sit en poems dink?
Nai, djulle’s mistaken,
ma djulle is die poets
djulle wat ini straat loop ennie gladde bek verkoop
ma die dinge sien en soema met daa God tien hulle roep”*

En die gehoor antwoord in stille verwondering as die Solms-



Prof. Adam Small luister aangedaan na die gehoor se erkenning. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Delta-koor húl stemme laat hoor – plaaswerkers wat wind onder hul vlerke gekry het deur werkgewers wat hul menswaardigheid teruggegee het – lank voor die regering wette gemaak het oor bemagtiging, maar omdat hul harte op die regte plek is.

Een ná die ander kom mense hulde bring deur Small se gedigte – Koos Kombuis, June van Merch, Wessel Pretorius en Hemelbesem, om maar net ’n paar te noem.

Adriaan Brand het die toonsettings nuwe woema gegee, en hop en spring op die verhoog rond om die blaasorkes en die kitare en die sangers in ritme te hou.

Langs my sit my nefie, jonk in sy 20 jare. Hy sit doodstil. Piepstil.

Hy is te bang hy mis iets.

“Ek het nooit verstaan waaroor die gedigte gaan nie, al het ons dit in matriek gedoen. Maar vanaand verstaan ek alles. Ek kan nie glo ek het nooit geweet nie.

“Jissis, ek wens ek kon my hele klas gebring het.”

Die ryme loop, die woorde val maklik, die koor en die res rol die rooi tapyt uit.

Uit Klein Simbool sing hulle:

*“Al sou hierdie land myne wees,
en al sy rykdom, maar die liefde ontbreek my, dan is hierdie land myne net met sy armoede...
As daar nou swart en bruin en wit bly, is die grootste hiervan vir my die liefde.”*

Uiteindelik kom Prof. stadig op die verhoog gestap.

“Laat Heer U seën op ons daal,” fluister-sing die koor daai bekende kerklied terwyl hy statig oploop.

Hy staan vir ’n oomblik stil, doodstil. Vryf sy voorkop. Miskien het hy ’n nattigheid van sy oë gegee, het dit gelyk maar ek kan nie met sekerheid sê nie.

“Laat Heer U seën op ons daal,” sing die koor steeds, nog sagter.

Prof. kug. Hy bedank die gehoor dat hulle gekom het, maar dit voel verkeerd – want dis ons wat vir hom moet dankie sê.

“Dankie dat ek ’n vol lewe met julle kon vier. Dit is vir my baie mooi. Dis ’n mooi gebaar,” sê hy.

Hy raak weer stil, vee weer sy

hand oor sy gesig.

“Dis ’n mooi gebaar om iemand se vol lewe met hom te vier.”

Hy lees ’n gedig voor waarin hy vir sy geliefde Rosalie verduidelik hoeveel hy haar liefhet. Hy vergelyk dit met ’n gevoel so intens soos die keer toe hy verby Goree gery het en die son soos “’n bal vuur” in sy oë geskyn het. Toe moes hy vir ’n oomblik stilhou, en eers wag vir die gevoel om oor te gaan. Net so intens is sy liefde vir sy vrou, beskryf hy.

Hy stap van die verhoog af, en lank nadat hy sy sitplek ingeneem het, baie lank daarna, gaan die gehoor eers weer sit.

Toe jubel en juig dit op die verhoog. Ja, soos in ’n happy clappy kerk. En die gehoor sing saam oor Jonas wat gestuur is na die stad van Nineve.

....“Hulle vat hom skud hom wakker, hulle gooi hom in die water, hulle vat hom, skud hom wakker, hulle gooi hom in die water.

Die walvis kom verby, en hy sluk vir Jona in, die walvis kom verby, en hy sluk vir Jona in

*En hy swem en hy swem en hy swem, tot by die anner kant
En hy swem en hy swem en hy swem, tot by die anner kant.”*

En terwyl almal op hul voete is, word Prof. se wens-gedig uit *Kitaar my Kruis* waar: *dis ’n taal vannie kitaar
djy lies ‘it nie ma’ so net op papier, nee
djy moet dit hoor djy moet dit sien, djy moet dit
even proe, dja moet djou hele tong experience, mien ek, moet djou hele being...
Kô lat ons sing!*

Om ’n vol lewe saam te kon vier: Kô lat ons juig!

Kô, laat ons sing! Sanlam Musiekfees. Spier-amfiteater. Die konsert was Donderdagaand.

Elke dan en wan kom ’n produksie oor jou pad wat jou wil laat jubel, jou wil laat dans en juig. Wat jou laat lag, maar ook jou hart so hard druk dat jou onderlip begin bewe.

Só ’n produksie was *Kô, laat ons sing!*, ’n konsert wat gehou is ter viering van prof. Adam Small se 80ste verjaardag.

Hierdie produksie het nie een voet verkeerd gesit nie. Alles het gewerk. Van die Langbroeke, die blaasorkes van die Solms Delta-musiekprojek, en die Soetstemme, die koor van die projek. Die orkes en elkeen van die kunstenaars wat op die verhoog was. Die woorde en die musiek, álles. *Kô, laat ons sing!* het reeds op ’n emosionele noot

begin toe daar ’n opname van Randall Wicomb se “Die Here het gaskommel”, ’n gedig van Small wat hy getoonset het, gespeel is. Wicomb sou deel van die produksie gewees het, maar is vroeër vanjaar oorlede.

Vandaar het die produksie soos ’n goedgeoliede masjien geloop. Dit was duidelik dat elkeen van die persone op die verhoog daar was omdat hulle daar wou wees en dat hulle die werk en die gewigtigheid van die geleentheid verstaan het. En daarom moet elkeen by name genoem en geprys word: June van Merch, Wessel Pretorius, Frazer Barry en Sandy Gertse van die groep Tribal Echo, Koos Kombuis, Hemelbesem en Zenobia Kloppers. Bravo aan elkeen van julle.

Die musiekregisseur was Adriaan Brand en soos gewoonlik het hy met sy eiesoortige energie die produksie gelei en gesorg dat daar nie een enkele noot uit plek was nie.



Zenobia Kloppers op haar beste. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Die hele konsert was ’n hoogtepunt. Van die nuwe berymings van Small se werk tot die passievolle voordra van sy gedigte. Kombuis het onder meer ’n verwerking en beryming van “What about de lô” en sy eie “Johnny is nie dood nie” saam verwerk wat besonder effektief was. ’n Program is voor die tyd uitgedeel wat ek soos goud gaan

bewaar, al is dit net om soms weer die gedigte in Small se bundels te gaan soek en weer te lees.

Teen die einde van die konsert het Brand na ’n mikrofoon gegaan en almal bedank wat gekom het. Hy het toe gesê dat daar ’n spesiale gas is en vir prof. Small na die verhoog geroep. Die gehoor het soos een man opgestaan en terwyl die gryskopman met sy geboë

skouers op die verhoog gestap het, het die koor en orkes begin sing: “Laat Heer U seën op hom daal...”

Die gehoor het ingeval en spontaan begin saamsing. Dit was een van die spesiaalste oomblikke wat ek nog ooit in ’n konsert beleef het.

In sy toespraak het Small onder meer gesê: “Dis mooi om so ’n vol lewe met u te vier.”

Dié wat daar was, sal almal saamstem dat dit ons eer was om deel van die viering te wees. Hoe jammer tog dat ’n produksie van hierdie gehalte nie weer opgevoer gaan word nie. Vanoggend draai die woorde van een van Small se gedigte weer by my:

“As daar nou swart en bruin en wit bly, is die grootste hiervan vir my die liefde.”

Wat ’n wonderlike, wonderlike aand.
– Ilza Roggeband



waar kuns en innovasie

ontmoet sal die wêreld ...

sing

glimlag

ontwikkel

FNB kondig met trots hul borgskap van die US Woordfees 2016 aan.

FNB is verbind daartoe om die kunste in al sy vorms te bevorder, want ons glo die uitdrukking van artistieke talent verg kreatiwiteit en verbeelding. Dit is sleutelkenmerke van innovering, wat vir ons by FNB naby aan die hart lê.

FNB en US Woordfees **maak sin** saam.

Universiteit Stellenbosch

Woordfees

Soek 'FNB Blog' aanlyn

FNB
First National Bank

hoe kan ons jou help?

Op die planke

Van Liewe Lotta tot Moed se seun

’n Klug, ’n drama en ’n pantomime. Dit is alles op De Klerk Oelofse se program vir hierdie Woordfees. **Ilza Roggeband** het saam met die veelsydige akteur gaan kuier.

‘D is nie net die shows op die fees nie, dis die repetisies ook,’ sê De Klerk Oelofse drie dae voor die Woordfees begin. Hy is te sien in drie groot produksies: die klug *Hond se gedagte*, die drama *Moeder Moed en haar kinders* en die patomime *Liewe Heksie: Flower Power*.

“Ek werk die afgelope paar weke amper elke dag. Ek het twee weke gelede ’n Sondag af gehad.”

Nie dat hy kla nie. Hy werk immers saam met van die grootste name in die bedryf.

“*Hond se gedagte* het ’n groot rolverdeling, maar ek het nog net saam met drie van hulle voorheen gewerk,” sê hy.

“Mense onderskat hoe moeilik ’n klug is. Jy moet die hele tyd kophou. As jy net een woord verkeerd kry, neuk jy iemand anders se spel op. Daar is byvoorbeeld 19 deure op die verhoog. Sê jy jou sin net bietjie langer, kan dit sorg dat iemand op die verkeerde tyd by ’n deur inkom.”

Hy sê die meeste klugte gaan oor ’n groot misverstand, kommunikasie en seks. Daarvan het *Hond se gedagte* genoeg.

“Hierdie klug het alles. Ek dink



De Klerk Oelofse in die stuk *Moeder Moed en haar kinders*. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

almaal gaan dit geniet. Ek werk al lank saam met Christiaan [Olwagen, die regisseur] en hy kry dit goed reg om sy gehoor reg van die begin te laat inkoop. Ek dink dit sal ook nie anders met hierdie stuk wees nie.

“Vir *Liewe Heksie: Flower Power* moes daar weer repetisies gehou word aangesien drie van die

spelers vervang is as gevolg van ander werksverpligtinge. Soos met ’n klug, is pantomime ’n uitdaging. Die geheim is om dit makliker te laat lyk as wat dit is.

“Ek speel ’n verskeidenheid karakters, maar dit is fun en ’n fun proses. Lizz Meiring (die regisseur) was baie cool. Sy het my gedruk. Ek het nog gedink ek weet waar-

heen ek met die karakters gaan, maar sy het ander planne gehad.”

Een van die karakters wat Oelofse speel, is Liewe Lotta, ’n jong vrou in ’n rok en hoed en met ’n groot bril op haar gesig.

“Ek kry nie altyd vir Liewe Lotta in repetisies nie, maar wanneer ek op die verhoog is, gebeur dit net. Wat lekker van die karakter

is, is dat sy nie baie woorde het nie, maar mense geniet haar houdinkie en daardie houdinkie kom van die rokkie af,” sê hy en lag.

Moeder Moed en haar kinders is ’n sonderlinge ervaring by vanjaar se fees. Waar dit voorheen in teaters opgevoer is, is dit hierdie week by die ruïne van die Klein Libertas Teater opgevoer.

“Ek het van my eerste shows by die Klein Lib gedoen en om weer daar in te stap en te sien hoe dit lyk... Jerry [Mofokeng, die regisseur] het met die eerste repetisie ons elkeen 20 minute gegee om die spatie te beleef.

“Dit was ’n baie spesiale ervaring. Die ruïne gee dit ’n aardse kwaliteit wat jy nie in ’n teater sal kry nie.”

Hoe oorleef hy ’n fees?

“Daar is nie tyd vir kuier nie,” vertel hy.

“Vorige jare sou ek nog ná ’n show uitgegaan het en ’n drankie gaan drink het. Nie meer nie. Met die fees en selfs met die aanloop tot die fees, moet ek gesond en so uitgerus as moontlik bly. Ek drink vitamienes en probeer so gesond moontlik eet. En natuurlik koffie. Baie koffie.”

KOMEDIE

‘Om jou gehoor te lees’

Schalk Bezuidenhout. Laer as laag. Vandag om 13:00. Kaartjies vir studente kos R50 by die deur.

Die komediant Schalk Bezuidenhout kan gekseer met enige onderwerp en jou laat skaterlag, al voel jy hóé ongemaklik daaroor. Bezuidenhout het Dinsdagaand aan ’n uitverkoopte gehoor in Laer as laag bewys dié Afrikaanse seun van Kempton Park is ’n komiese talent waarmee gereken kan word.

Oud en jonk het saamgedrom om Bezuidenhout, wat al vir Trevor Noah geopen het, se staaltjies te hoor.

Aangesien hy voor ’n hoofsaaklik Afrikaanse gehoor optree het, het Bezuidenhout, wat gewoonlik sy skertsery in Engels doen, sy repertoire aangepas vir die geleentheid.

“Ek geniet dit rêrig om in Afrikaans op te tree,” vertel Bezuidenhout.

“’n Mens tree maar meestal in Engels op, want dit is waar daar geleentheid is, en dit is my brood en botter. Ek sou nie my rekeninge kon betaal as ek net Afrikaans gedoen het nie. Ook, ek wil nie myself net beperk tot Afrikaans nie.

Jy weet, want ek voel my doelwit in die lewe as ’n comedian is om soveel as moontlik mense te laat lag, jy weet.”

En maggies, daar is gelag. Of hy nou vertel hoe kriketspandrag jou soos “ ’n lopende tampon laat lyk” of dat kaalbolyfmeisies by jou boekbekendstelling nie ’n ramp is nie, maar ’n ideale reklamekans! Die gehoor was gaande oor elke storie wat Bezuidenhout met selfvertroue oorgedra het.

“Dit is ’n skill om jou gehoor te

lees en om te weet vir wie jy optree, so met ander woorde, ek hou daarvan om materiaal te skryf vir my crowd.”

Hy doen ook televisiewerk.

“Hierna doen ek ’n show vir kykNET,” vertel Bezuidenhout.

“Dis ’n mockumentary. Ek wil nou nog nie te veel daaroor sê nie,” lag hy, “maar dit is moerse exciting. Lekker jong ouens wat daaraan werk... en dis net vars.

“En ek weet nie... ek dink nie die mockumentary style is al behoorlik in Suid-Afrika afgepull nie en ek dink ons gaan rêrig hard moet werk om dit op dieselfde vlak as *The Office* en *Parks and Recreation* te hê.

“Ek haat dit as mense sê ‘dis goed vir ’n Suid-Afrikaanse show’ of ‘dis goed vir ’n Suid-Afrikaanse movie’. Dit moet net goed wees. Goed is goed,” sê hy met mening.

“Ons maak so half verskonings vir mekaar. ‘Ag, shame, ons is van Suid-Afrika. Dis goed vir ons.’ Nee, f*ck dit, jy weet. Ons moet streef na uitstaande werk.”

Die mockumentary word in April en Mei geskiet en Bezuidenhout is tans op pad na ’n skryfsessie “om die scripts te finaliseer”. Ek is baie opgewonde dat hulle my ook daarby betrek het,” sê hy. – **Mila de Villiers**



’n Toneel uit die klug-kabaret, *Hensop!* FOTO: VERSKAF

Kabaret in die konsentrasiekamp

Hensop! Musiekfees. Hoërskool Stellenbosch. Vandag om 20:30 en môre om 13:00.

In *Hensop!* trotseer boervroue met sang en dans die lewe in ’n konsentrasiekamp.

Die toneelstuk is deur *’Allo! ’Allo!* geïnspireer, ’n Britse reeks wat in Tweede Wêreldoorlog af speel.

“Die idee is nie om te spot met die ABO nie,” verduidelik dramaturg Francois Toerien.

“Maar ons neem ’n taai onderwerp en belig die anderkant. Geen mens is altyd ’n slagoffer nie, ons is ook dikwels narre.”

Die vroue van *Hensop!* beloof groot vermaak: Ouma lees bokdrolle en teeblare om die toekoms te voorspel, Poenskop Getruidatjie skep vir haar ’n

nuwe kapsel uit ’n seintoestel, en Moeder Magdalene beraam een plan ná die ander om die Ingelse te flous. Francois het die stuk geskryf met Nicole Holm in gedagte, die “matriarge in die kamp wat agter al die mislukte ontsappings staan”.

Nicole sê die kabaret-element bring ekstra spanning. “Sing sit altyd so bietjie ekstra stres op my. En toe ek hoor wie die ander akteurs en stemme op die verhoog gaan wees – dit is ’n groep formidabele sangers!”

Francois troos egter: “Pleks van ’n kabaret, dink ek dis eerder ’n klug met diepgang en musiek!”

Karli Heine, Leanna Dreyer, Kyle Seconna en André Terblanché is onder andere in dié debuutproduksie te sien. Wolf Britz behartig die regie.



Mooiste oorrompeling in teater

Hemelruim. Drama. Hoërskool Lückhoff.

Bekende regisseur Alan Swerdlow het in 2014 onder die Pieter Toerien-vaandel gehore in Johannesburg en Kaapstad aan die Britse dramaturg Nick Payne se ongewone drama *Constellations* bekend gestel. Nie Swerdlow se meesterlike regisseurshand, twee puik akteurs of selfs 'n beligtingsontwerp wat op kwantumfisika geskoei was, kon daardie top-produksie by die loket red nie. Mense het net om onverklaarbare redes weggebly.

Nuwelingregisseur Nico Scheepers het *Constellations* in 2012 al in Afrikaans vertaal as *Hemelruim*. Hy slaag daarin om 'n droomrolverdeling byeen te bring

– Tinarie van Wyk Loots as die bekkige kosmoloog Marianne en Paul du Toit as Roelof, 'n skamerige byeboer – en die produksie debuteer in 2015 by Aardklop. Dit is 'n wegholtrefter daar en by die Woordfees vanjaar slaan die mense omtrent vuis vir kaartjies.

Marianne en Roelof knoop 'n verhouding aan nadat hulle mekaar by 'n braai ontmoet. Dit opsigself is nie ongewoon nie, maar wat hierdie drama onderskei, is die manier waarop Payne hulle twee se verhouding volgens 'n spesifieke teorie uitbeeld. Dit lei tot 'n vars, intellektuele manier om die tradisionele verhoudingsdrama te ondersoek sonder om die noodsaaklike emosionele inhoud af te skeep. Trouens, 'n gehoorlid so twee plekke verder se oë was

skrefies gehuil teen die tyd dat die laaste woord geval het.

Payne kom vorendag met die gedagte van 'n "multiverse" oftewel 'n "veelal" as synde 'n plek waar gebeure afspeel wat tegelykertyd verskillende uitkomst kan bied na gelang van die keuses wat uitgeoefen word of selfs die keuses wat nie gemaak word nie.

Dit kan dus gebeur dat terwyl Marianne en Roelof in een heelal uitmekaarspat weens huweliksontrou, hulle terselfdertyd doodgelukkig in 'n parallelle heelal verkeer. En soos 'n terminaal siek Marianne later sê: "Dit bied my hoop." Die gehoor ervaar dieselfde.

Die twee karakters herhaal dieselfde toneel 'n paar keer; voeg 'n paar woorde by of verander 'n paar daar. Onmiddellik het jy 'n

ander moontlike uitkoms vir 'n situasie. Die gehoor is aanvanklik effe verward, maar begryp dit gou genoeg. Die magdom vinnige toneelveranderinge word aangehelp deur Scheepers se eenvoudige en treffende ontwerp. Hy gebruik 'n magdom Edison-gloeilampe wat op verskillende hoogtes reg oor die verhoog hang. Hulle word dan in groepe verdof en verhelder op die maat van 'n meesleurende klankbaan wat hy self gekomponeer het.

Die twee karakters beweeg tussen die gloeilampe deur en gee sodoende hulself en die gehoor kans om voor te berei vir die volgende toneel of 'n ander weergawe van dieselfde een.

Van Wyk Loots se Fiësta-toekenning as die beste aktrise vir haar Marianne is welverdiend. Sy

is werklik uitmuntend. Scheepers vertel van 'n gewaarwording vroeër dat sy met dié produksie haarself finaal vestig as die volgende om die vaandel saam te dra met Sandra Prinsloo en Anna-Mart van der Merwe as een van die gróót aktrises van die Afrikaanse teater.

Maar Du Toit staan nie vir haar 'n tree terug nie. Sy besadigde aanslag vir Roelof is nommerpas as teenvoeter vir Marianne se kwiksilwer-kwaliteite. En dié twee akteurs het "chemistry". Saam skep hulle 'n magiese stuk werk. Trouens, die toneel waarin hulle in gebaretaal met mekaar praat, is een van die mooiste dinge wat 'n mens in 'n lang tyd aanskou het.

Hemelruim is oorrompelende teater wat die aandag van al jou sinne opeis. – **Marina Griebenow**



Andrew Buckland vroeër die week op die verhoog as Ivan in *Tobacco, and the Harmful Effects Thereof* wat by *Rhenish Girls' High School* aangebied is. Buckland maak die karakter nie 'n hanswors nie, al dra hy 'n vals neus. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Woordkuns tref met eenvoud

Jammer, Ma. Woordkuns. kykNET Fisser. Vandag om 13:00 en more om 20:00.

"*Jammer, Ma* het my weer daaraan herinner hoeveel plesier 'n eenvoudige storie mens kan verskaf," sê die digter Bibi Slippers oor die rolprentmaker en skrywer Corné Koegelenberg se woordkunsstuk wat Woensdag sy eerste vertoning in die Fismersaal gehad het.

"Dis 'n bietjie soos radio luis-ter," meen Slippers.

"Daar's geen tierlantyntjies nie, net die woorde, en als word aan jou verbeelding oorgelaat. Dit was 'n bevredigende ervaring."

Koegelenberg, 'n gewese student aan die US se dramadepartement, het die regie van *Jammer, Ma* behartig, en speel ook daarin, tesame met sy vriende Jakus Eloff en Theunis Strydom, wat sy voorliefde vir storievertel en skryf deel.

Koegelenberg beskryf *Jammer, Ma* as 'n "mengsel tussen *Maak 'n Las* en 'n poetry reading".

"Ek het dit terdeë geniet," sê student Crystal Farmer.

"Al drie bring iets anders na die verhoog, en hulle is begaafde skrywers. Corné moet net minder praat asof hy nog steeds op universiteit is." – **Mila de Villiers**

'Op die spel' is hier

Die gewilde kykNET-program *Op die Spel* is ook by die Woordfees.

Een feesganger wat vlytig kan spel, het die kans om twee dae se verblyf, reiskoste asook kaartjies ter waarde van R2 000 vir die Woordfees 2017 te wen. Almal wat aan die oudisies deelneem, het ook 'n kans om gekies te word om aan *Op die Spel* op televisie deel te neem.

Oudisies vir die kompetisie word vandag van 14:00-16:00 by Die Khaya gehou. Die finaal is môre om 14:00 by die ATKV-Boektent. Toegang is gratis. Gehoorlede kan lekker pryse wen.

Jy stap saám met Lucky in die stof

Santa Gamka. Drama. Die Breughel-teater. Nog vanaand om 20:30.

Sy bruin vel was nog altyd 'n pas, maar nooit goud werd nie. Lucky Marais is 'n jong man van Santa Gamka in die Karoo.

Hy beklemtoon dat dit nie "Marais" is soos die wit mense dit sê nie. "Ons is die Marêse van die onderdorp – daar waar die pënties oor die doringdraad hang. Dis nie art nie – dis armgeit daai."

Nadat sy antie hom op 16 'n ding of twee geleer het, sien Lucky (Marlo Minnaar) 'n manier om homself uit die armgeit te lig en self daardie Levi-jeans aan te skaf wat hy so begeer.

Sy "gawe van die Here om plesier te verskaf" laat hom in



groot moeilikheid beland, en skielik is Lucky nie meer so lucky nie. Opgesluit in 'n pottebakkers-oond, met net sewe minute om te leef, besin hy oor sy lewe.

Sy grootwordjare en vroeë oor of sy pa hom liefgehad het, word onder die vergrootglas geplaas.

Alles het eintlik goed gegaan; Lucky se sjarme het vir hom gewerk en die kliënte het goed betaal, maar soos sy pa gesê het: "Vannie dag wat jy deurmekaar raak tussen goed en kwaad, gaan dit nie meer voorspoedig met jou nie."

Alles verander toe Rooi Boer van die plaas waarop Lucky se mense woon, ook 'n versoek rig nadat hy gehoor het Lucky "service mense".

Dit is moeilik om te glo dat een akteur soveel op die verhoog kan vermag. Met die minimum rekwisiete en met woorde as sy enigste wapen, is Minnaar heeltyd aan die beweeg en aan die praat,

en hy gee werklik lewe aan Eben Venter se teks. Die woorde kabbel soos die Gamka-rivier by sy mond uit en die gedetailleerde vertellings laat 'n mens voel of jy daár in die droë Karoo-hitte saam met Lucky deur die stof stap.

Die hittige oomblikke met elk van sy sewe kliënte word die gehoor ook nie gespaar nie, en heel party moes hulself met pamflette koel waai. Drie het selfs die aftog geblaas en die lokaal verlaat.

Regisseur Jaco Bouwer het 'n juweelstuk van 'n drama op die planke gebring en die staande ovase aan die einde van die vertoning het hiervan getuig. *Santa Gamka* is ook in 2015 met 'n Kanna vir die beste debuutwerk en kopskuiwende werk bekroon.

– **Lynné Schoeman**

Musiek

Die AfroBoer laat jou tone krulkop van lekkerte

Gerald Clark. Rock Lunches. De Vette Mossel. Donderdagmiddag.

Dis een van die tergende vrae in my lewe: Hoekom is Gerald Clark nog nie wêreldbekend nie?

By sy optrede hier het sy talent net weer verstom en kan 'n mens nie anders as om te wonder hoekom hy selfs in Suid-Afrika

nog vir baie onbekend is.

Clark is een van daardie kunstenaars wat al die boksies tiek. Hy is 'n uiters bekwame kitaarspeler en kan klanke uit 'n kitaar haal soos min ander. Hy het 'n stem wat gebore is vir die blues en dit is duidelik dat hy elke oomblik op die verhoog geniet.

Dan is daar natuurlik die rooi afro wat hom met reg die titel van

AfroBoer gee.

Vir sy vertoning by De Vette Mossel het hy van sy eie werk – in Engels én Afrikaans – gesing, asook 'n liedjie of twee van ander kunstenaars. Elkeen was 'n plesier om na te luister, só 'n plesier dat dit baie inspanning gekos het om stil te sit. Hy is goed deur Fourie Pretorius op tromme vergesel en dit was verbasend om te hoor dat

dit maar die derde keer is wat hulle saam speel.

Clark, wat jare gelede lid van die groep Delta Blues was, is 'n vry gees. Hy is lief vir perde en doen uithouritte. Hy woon sonder om te skroom in 'n tent. As daar nie 'n stort is nie, sê hy vir my ná die konsert, swem hy in die rivier.

Maar dis die musiek, die rou blues, die stem en kitaar wat jou

as't ware die beste kant van hom laat leer ken.

Clark se nuwe album, *AfroBoer & the Golden Goose*, is verlede jaar bekendgestel en kan op iTunes gekoop word. As jy die konsert gemis het, is dit 'n goeie alternatief om die talent van Clark te beleef.

Nou dat ek daaraan dink, koop in elk geval die album. Jy sal nie spyt wees nie. – **Ilza Roggeband**



Van die spelers: Jacques Du Plessis en Gertjie Bessels- en van Mr Cat and The Jackal, Liebschen Saal, Ruby Smith, Shaundeon Afrika en Dean Balie (voor). FOTO: VERSKAF

Slegs álmal vier goeie jong talent

Slegs vir almal. Sanlam Musiekfees. Hoërskool Stellenbosch. Vandag om 17:30.

Ek weet wat jy vandag half-ses kan doen as jy nog nie 'n lewensbelangrike ander afspraak het nie: Kry al wat leef en beef bymekaar en ruk op na Hoërskool Stellenbosch. Julle gaan kabaret kyk. En sit maar aan die gordels, dis 'n lekker wilde en verfrissende rit.

Vergeet van beweer Hennie Aucamp se *Slegs vir almal* – 'n kabaret oor selfsug is deesdae glad nie meer relevant nie. Se gat op gebrande toast.

Hierdie onverskrokke jong musiekteaterspan bestaande uit Dean Balie, Shaundeon Afrika, Dealeen Fredericks, Ruby Smith en Liebschen Saal, met Mr Cat and The Jackal en die musiek kraakvars verwerk en oorgeskryf, maak die stuk se sosiale kommentaar aktueel en tydloos. “Want in ons wye droewe land het elke saak 'n ander kant.”

Ek wou ná die tyd by regisseur Lindi-Heila Smit, wat in 2002 haar honneurs in drama met lof hier aan die US gekry het, weet hoekom sy juis dié stuk aangepak het. Sy het ook die stelontwerp gedoen.

“Ag, Hennie Aucamp se fantastiese fees van woorde het my geïnspireer. Wat 'n voorreg. Die regte woorde en die regte mense op 'n goeie tyd.

“Behalwe vir die relevansie wat hierdie teks vandag nog ná 31 jaar het [die eerste vertoning was op 30 Maart 1985], is dit 'n geleentheid vir die publiek om jong akteurs van kleur te sien wat 'n Afrikaanse politieke kabaret uit die 1980's op die planke bring. Wat 'n ongelooflike uitdaging vir my as regisseur, en vir die akteurs nog soveel te meer. [In die heel eerste produksie destyds was studente soos Ilse Roos, Casper de Vries, Marion Holm en Duncan Johnson te sien.]

“En dan is daar die ongelooflik meesleurende musiekverwerking waarmee musikant en komponis Gertjie Bessels van Mr Cat nagte om gewroeg het. Ek moet erken dat ek amper 'n kerrie verbrand

het toe hy opgewonde inval met die verwerking van ‘Net 'n bietjie liefde’. Heavy metal was nooit 'n nota van my aan hom nie. Só powerful. Ek wou dat nog baie meer mense dit kon hoor.

“Die musiek het by my gespoek... Ek dink dalk Hennie ook. Ek hoop dit sou sy goedkeuring wegdra, want dit is vir my belangrik. Dalk sou Hennie uitbundig lag met 'n traan in sy oog en 'n wille beat vang tydens hierdie vertoning.”

Kom kyk self vanaand en word omgebou deur Fleur du Cap-bekroonde oud-Matie Dean Balie (verskeie David Kramer-produksies) en vier skitterende Northlink College-oud-studente. Die musiekregie en komposisie is deur Bessels en sy eksperimentele folkgroep, met die veelsydige multi-instrumentaliste (hallo, saag!) wat ook 'n integrale deel is van die aksie.

Tyrone Zoutman is verantwoordelik vir die sexy choreografie.

Kom vir die Aucamp-handelsmerk en die literêre aspek van die kabaret, en kry op die koop toe 'n “ystervuis geklee in 'n fluweel-handskoen”.

En hoor jy die magtige dreuning? Inderdaad. – **Susan Booyens**

“Dalk sou Hennie uitbundig lag met 'n traan in sy oog en 'n wille beat vang tydens hierdie vertoning.”

Paulenc-klank is rebels en uitdagend

Poulenc-portret. Klassieke musiek. kykNET Fismer. Die konsert was op 10 Maart.

In haar programnotas vir hierdie konsert skryf die fluitis Marietjie Pauw dat die Fransman Francis Poulenc (1899–1963) deel was van 'n groep komponiste genaamd “Les Six”, wat tong-in-die-kies en anti-tradisionele musiek geskryf het.

Deur hul musiek het hulle die establishment uitgedaag, en 'n bietjie teen die musikale idees en taal van die Romantiek vasgeskop.

In hierdie konsert Donderdagaand was dit juis die aspek van tong-in-die-kies wat sterk na vore gekom het in die musici se gekose werke. Die uitvoering is in twee dele, waarvan die eerste ten doel het om die Poulenc-klank voor te stel, en die tweede deel bestaan uit 'n werk waarteen die komponis waarskynlik sou rebelleer.

Eerste aan die beurt was die Trio vir Hobo, Fagot en Klavier, op. 43, wat in 1926 gekomponeer is.

John Rojas (hobo), Glyn Partridge (fagot) en Bennie van Eeden (klavier) het hierdie uiters moeilike musiek met gemak aangepak. Dit is 'n interessante werk om na te luister omdat die instrumente half in gesprek tree met mekaar en soms mekaar bitsig antwoord.

Dit is musiek wat verskeie klankkleure uit die verskillende instrumente ontlok. 'n Mens raak half vasgevang hierin.

Om verder die Poulenc-klank uit te beeld is die Sekstet vir Klavier en Houtblaaskwintet van 1932 gespeel. Saam met die bogenoemde drie spelers was Pauw, Annamarië Bam (klarinet) en Len Worthington-Smith (Franse horing) ook nou op die verhoog.

In hierdie werk kry jy ook die skertsende klanke; dit is 'n half filmiese stuk musiek. Die tweede beweging (andantino) laat jou onwilligkeurig aan Disney-fliemusiek dink.

Pauw het die tweede helfte begin met 'n fluitsolo (die titel vertaal losweg as “'n Fluitis speel vir die ruïnes”) wat in 1942 geskryf is en waarvan die titel waarskynlik na die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog verwys.

Dis kort maar uiters mooi, en Pauw het 'n mens vasgevang in haar spel.

Ludwig Thuille (1862–1907) se Sekstet vir Klavier en Houtblaaskwintet, op. 6, is waarskynlik iets waarteen Poulenc sou rebelleer het. Die Romantiese aard daarvan vind 'n mens half vervelig as jy net vroeër Poulenc se musiek vir dieselfde instrumentale besetting gehoor het.

Tog is daar in die derde beweging (gavotte) 'n sprinkel van dit wat later sou kom.

Die musici het gesorg vir 'n uiters aangename konsert en het met goeie spel beïndruk.


– **Wayne Muller**

Musiek in sy kop en 'n plaas in sy hart



Bertie Coetzee, deesdae boer van die Bo-Karoo, deel gister sy stories en liedjies by De Vette Mossel. FOTO: NATALIE GABRIELS

Marimba gee gedigte ritme



Magdalena de Vries, die kaalvoet-marimbaspeler, het Donderdagaand in Fragment nuwe werke van SA komponiste gespeel. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Leon lees lekker en Rocco tokkel saam

Leon en Rocco – en ander instrumente. Møre om 14:00 by die Endler.

Ons is gewoond daaraan om sy stem op die radio te hoor en te lees wat hy skryf, en hy was ook al ’n paar keer voor die kameras as aanbieder, maar by vanjaar se Woordfees staan Leon van Nierop vir die eerste keer in baie jare in die kalklig op die verhoog. Maar hy doen dit nie alleen nie: Aan sy sy is die gesoute pianis Rocco de Villiers in die produksie Leon en Rocco – en ander instrumente.

Leon is ’n aanhanger van Rocco se vertonings, en in sy agterkop het hy altyd gedink dit sal lekker wees om iets saam te doen. ’n Vreemde kombinasie? Toe die werklike aanbod eendag van Rocco af kom om iets saam op die verhoog te probeer, het Leon gedink hy is “getik”.

Maar hulle het aan die werk gespring en na verskeie weergawes van tekste het hulle met iets opgekom waarmee albei tevrede is.

“Die show is ’n allegaartjie van musiek, radio, vertellings, anekdotes, nostalgie, herinneringe, ligte spot met mekaar — hy veral oor my formaliteit — en die manier waarop ons grootgeword het,” sê Leon. Vir hom gaan die produksie oor die “kontras tussen ons en die onverwagse raakpunte”.

Aanvanklik het Leon gedink hy sal ook agter die klawers inskuif, hy kan immers klavier speel. Maar die verskil in style was net te groot.

“Ek speel formeel en gespanne, Rocco is flambojant. Hy het my skoon van die klavierstoeltjie af gespeel dat ek op my boude geval het! Toe besluit ek om te tik terwyl hy speel en te reageer op wat hy doen.”

Maar hierdie sal nie Leon se eerste keer op die verhoog wees nie, en ook nie sy eerste kennismaking met Stellenbosse gehore nie.

“Ek het by die US geswot en het as student toneel gespeel, dus weet ek presies hoe krities hulle kan wees. Ons doen ons show egter vir ons aanhangers en beklemtoon dat dit nie ‘hogere kuns’ is nie.”

Leon voel dat hy homself met hierdie vertoning kan “reinvent”.

“Dit het my ’n nuwe asem en nuwe belangstelling gegee, want ek begewe my op totaal nuwe terrein.”

So, nie net is Leon van Nierop ’n deurwinterde skrywer, joernalis, radioman en resensent nie. Dalk ontpop hy ná hierdie produksie as die land se grootste nuwe verhoogsensasie en verruil hy ’n lewe agter die rekenaar vir ’n lewe in die teater.

Volgende, Hamlet?

– Naudé van der Merwe

Musiekwasgoed wapper lekker wild

Kunstenaars wat gereeld op die musikant Riku Lätti se televisieprogram, *Die Wasgoedlyn*, verskyn het Donderdagaand feesgangers by De Vette Mossel behoorlik laat makietie. Willim Welsyn, Churchill Naudé, Ryno Velvet, Frazer Barry, en Jackie Lätti het die verhoog gedeel op die aand van ’n “lekker *mixture* van musiek,” aldus Neil McDonald, h kroegman.

“Dit is glad nie *pretentious* nie,” word daar van h ouer feesganger gehoor, met Dawid Hattingh, ’n uitsaaimediastudent wat van mening is dit ’n “lekker kombinasie musikante is. Hulle werk lekker saam en die *crowd* hou van hulle, veral van die Namakwalandse outjie.” Die “Namakwalandse outjie” waarna Hattingh verwys, is Frazer Barry, wie se opname van sy debuut-album deur *Die Wasgoedlyn* geborg word, soos aangekondig deur Lätti.

Churchill Naudé het die gehoor vermaak met sy kletsrym en tot groot vreugde van die gehoor het die Oude Libertas koor by hom aangesluit. Die koor het onverwags en masse van hulle tafel opgestaan en is met ’n groot gejubel en gejuig gegroet.

“Die anties dans nou lekker!” sê ’n feesbywoner van die vroue op die verhoog.

Willim Welsyn se solo-optrede is met groot fanfare begroet, veral ’n lied wat jou dieselfde gevoel gee as “wanneer jy *acid chow* en *Sewe dae* by die *Silbersteins* lees.”

Lätti het genoem dat Dana Snyman, Gert Vlok Nel, Rian Malan, en Johan Bakkes binnekort in episodes van *Die Wasgoedlyn* sal verskyn.

“Dit gaan ’n baie mooi program wees,” het Lätti aan die gehoor wat hulle heel aand gate uit geniet het, gesê. – Mila de Villiers

Ubuntu-filmfeesprogram vir die jeug

Møre van 15:00 tot 21:00 by Oude Libertas. Om 15:00 word kortfiekeks deur jong filmmakers vertoon.

Die Ubuntu Filmfeesprogram word møre vir jongmense gehou. Toegang is gratis en piekniekfasiliteite en goedkoop kosstalletjies word verskaf.

Van 17:00 tot 20:00 kan jy leer hoela- hoep, skaatsplank ry, leer om ’n vlieër te maak, origami te vou, slam poetry voor te dra en hoe om bruikbare artikels uit herwinbare materiaal te maak

Daar is ook kompetisies waar hoepels, skaatsplanke en vlieërs gewen kan word.

Om 20:00 word die topvyf rolprent-inskrywings aangekondig en vertoon. Daarna word die feniks aan die brand gestee.



LANZERAC

HOTEL & SPA

Est. 1692, Since

★★★★★

LANZERAC IS N TROTSE BORG VAN DIE US WOORDFEES 2016

→ ✕ ←

DIE LANZERAC DELI IS ‘N DEELNEMER AAN DIE HAP ‘N KEBAB KOMPETISIE - MAAK SEKER JULLE KRY ‘N KANS ONS DIT TE PROE ON DIE PLAAS BY DIE LANZERAC DELI TYDENS DIE WOORDFEES.

DIE LANZERAC DELI BIED OOK HEERLIKE EETGOED BY DIE HOFMEYRSAAL VANAF 11-12 MAART WAT NIE MISGELOOP MOET WORD NIE.

EKSLUSIEWE LANZERAC WYNVERKOPE BY COETZENBURG, HOFMEYRSAAL, STADSAAL EN DIE KHAYA.



Musikhaus

W. HEUER

Tel 021 887 2938 www.wheuer.co.za

Jaco Bouwer – deel 3

‘Sy diamantbrein skitter’

Jaco Bouwer se kreatiwiteit en visie as teaterskepper en regisseur is inspirerend. Bouwer bied vier produksies by die Woordfees aan. Weens sy skugterheid was dit makliker om te praat met die akteurs wat gereeld saam met hom werk oor wat dié samewerking so besonders maak. Lees hier die finale aflewering, saamgestel deur **Marina Griebenow**.

CHARLTON GEORGE
 – o.a. Pastoor in *Rooiland*:

Die kans om saam met Bouwer te werk:

Ek praat graag oor Jaco oftewel ‘Jakes’ Bouwer. Die vent het nogal ’n manier om in jou hart in te kruip met sy diamantbrein wat so skitter in die donker nag van teater.

Net soos met Martinus Basson, het ek eers met Jaco saamgewerk as akteur. Dit was in die produksie *The Life and Times of Johnny Cockroach*, met Breyten Breytenbach se teks en Basson se regie. Dit was totaal uitmergelend en het intense konsentrasie gevat om nie die pad byster te raak nie. Die vriesende koue en mal energie van Grahamstad het ook nie gehelp nie. Ek het nog steeds ’n beeld in my kop van ’n bloedjong Jaco wat met sy tande stukke lewer uit ’n bloedbad haal en dit in die lug gooi. Ek het toe al gedink hy is óf mal óf onsettend braaf. Dat hy braaf is, is later bewys met sy spel in *Mamma Medea*.

Een van my gunstelingproduksies was *Lig*, wat sy konsep en regie was. Ek voel heeltemal te min mense het dit gesien.

Met *Rooiland* het Jaco geglo ek kon die rol van Pastoor speel. Hy het net besluit ek kan dit doen. Baie ander regisseurs sou gedink het ek lyk te jonk en blakend gesond om die ou afgeleefde bloedbevleete bandiet te speel. Hy was ook bereid om toe te gee dat daar sekere aspekte was wat hy nie verstaan nie en hy was oop vir voorstelle. Dit het gelei tot ’n konsepsuele coup de grace waar hy die hoeke van ’n tronksel uitgedop en omvorm het in ’n blok.

Ek sal nogal nie omgee om in ’n rolprent te speel waarvan hy die regie doen nie.

Bouwer se benadering:

Baie keer wonder ek of ek meer daarvan hou om in ’n Jaco Bouwer-produksie te wees of om dit te ervaar. Want dit is wat sy produksies is: ervarings. Ek geniet dit om in die gehoor te wees en te wonder hoe die repetisieproses was.

Omdat toneelspel sy agtergrond is, het hy respek vir akteurs. As jy



Bianca Flanders en Gerben Kamper. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

op pad is om jou karakter te vind, is hy een van die geduldigste regisseurs. Soms sit hy net en lag met plooijs om die oë as hy hou van wat jy doen. Die hemel behoed jou egter as jy nie kan saamtrek nie as gevolg van ego of arrogansie. Hy sal jou beentjies fyn kou en jou blink vere uitspoeg. Hy weet wat hy wil hê. As jy slap lê gedurende ’n fees met die intrek in ’n teater waar daar meer fasiliteite is, sal jy ’n ander kant van Jaco sien, veral as sy snare styfgespan is.

Ek kan hom vertrou om goeie advies te gee of om ’n luisterende oor te wees in tye van emosionele pyn, hoewel ek weet dat hy as regisseur onder druk is. Dit maak hom een van die min ware vriende in die teater.

BRENDON DANIELS
 – o.a. Adidas in *Rooiland*:

Die kans om saam met Bouwer te werk:

Jy praat nou met ’n Jaco Bouwer-expert! Ek het al drie teaterproduksies saam met Jaco gedoen: *Die generaal*, *Rooiland* en *Balbesit*.

WILHELM VAN DER WALT
 – Fransie in *Rooiland*:

Die kans om saam met hom te werk:

Jaco het ’n akteur gesoek om Fransie te speel in Tertius Kapp se *Rooiland* en my gebel om te hoor of ek sou belangstel. Ons het mekaar by ’n restaurant gekry en gesels oor die teks en in watter rigting hy wil gaan met die toneelstuk. Die res is geskiedenis.

Bouwer se benadering:

Ek dink die mees vervullende daarvan om saam met Jaco te werk, is die feit dat hy jou as akteur totale vryheid gee en dan die nodige skaafwerk toedien. My een projek saam met hom was frustasierend, so ek wens ek kon vir hom sê: Maak ’n vollengte film en cast my! Ek sal ook graag ’n classic saam met hom wil doen om te sien wat hy daarmee maak, iets soos Shakespeare of Tennessee Williams of Miller of Albee.

Oor sy kreatiwiteit:

Hy is hoogs intelligent, kreatief en so ’n bietjie mal!

BIANCA FLANDERS
 – Soraya in *In ongenade*:

Die kans om saam met Bouwer te werk:

In ongenade, an adaptation of J.M. Coetzee’s novel *Disgrace*, has been my first production with Jaco.

Initially I was asked to audition for another role. I was very nervous, as I am such a big fan of his work. However, I had nothing to worry about, as he was absolutely lovely. He made me feel very com-

fortable. He ended up casting Trudy (van Rooi) as Melanie and I got the role of Soraya.


Bouwer se benadering:

There are many beautiful things about working with Jaco, but I would have to say one of the most fulfilling aspects is that he allows the actor to be a part of creating the piece. He is so willing to listen to you and explore your ideas. I loved that I never felt that I had to curb my enthusiasm. He creates an open and warm space to work in, a space that welcomes your creativity and he seems to value each and every actor’s input, no matter one’s level of experience. I cannot tell you how much I appreciated that.


I would have to say that what I found difficult about working with him is that he is very mysterious, so you cannot always tell what he is thinking! His kindness and respect for everyone he works with also means that one really does not want to mess up or make any mistakes.

Oor sy kreatiwiteit:

To my mind, his success can be attributed to a number of things. His ability to blend lighting, sound and performance plays a big role in the magic of his productions. In my short time of working with him, I found it fascinating to watch how he uses sound and lighting to his advantage. They are not separate entities. It is almost as if they are characters themselves. On our first day of rehearsals for *In ongenade* he already had the music, which really helped to set the tone of the piece. His ability to think out of the box and his use of imagery is insane. I could go on and on.



Brandon Daniels



Wilhelm van der Walt

Charlton George (Pastoor) in Jaco Bouwer se *Rooiland*. FOTO’S: JACO MARAIS (Krit)

Bouwer-staaltjies

WILHELM VAN DER WALT
 – Fransie in *Rooiland*:

Ek dink ons opening by Aardklop 2011 staan uit. Adidas, die een karakter in *Rooiland*, beskryf aan een van die karakters ’n tronkfabel waarin ’n gevangene in ’n voëltjie verander en uit die tronksel vlieg. Tydens die monoloog en die res van die stuk het daar ’n voëltjie in die saal ingevlieg en telkemale reg tussendeur die vier akteurs gevlieg. Dit was onbeskryflik.

BIANCA FLANDERS
 – Soraya in *In ongenade*:

For one of the scenes, Trudy (van Rooi) and I had to create a redlight-district feel. Jaco wanted to show us what he was looking for, so he gave us a few examples of his “prostitute” moves: crawling on the floor, straddling the chair, that kind of thing. That was pretty cool! It is not every day that you get to see one of your favourite directors giving you a sexy, feline crawl.

Teater se nuwe wonderkind

As hy eendag die Lotto wen, sal Nico Scheepers net tienertoneel doen. “Dis my gunstelingding in die hele wêreld!”

Scheepers, jong regisseur van drie stukke by die Woordfees (*Amper, Vrystaat; Rooivalk; Hemel-ruim*), maak dié stelling ondubbel-sinnig en sonder omhaal. Regtig?

“Ja, want dit gaan nie oor die show nie. Die kinders dink drama is terapie vir hulle, maar dis terapie vir my. Om elke ses maande ’n nuwe familie te kry, is wonderlik!”

Hy het al twee keer die ATKV-tienertoneelkompetisie gewen en ’n ander keer tweede geëindig. Vanjaar werk hy weer met die kinders van Hoërskool Jan van Riebeeck. Dis duidelik dat hy ’n slag met hulle het. En vanwaar dié belangstelling, wonder ’n mens.

“Dis my tannie,” verduidelik hy. “Sy is verantwoordelik vir alles in my lewe. Ons het op ’n plaas gewoon en toe ek skool toe gaan, kon my ouers nie elke dag dorp toe en terug ry nie. Ek gaan bly toe by haar. Sy was ’n onderwyseres by die hoërskool en het tienertoneel gegee. Drie middae van die week moes ek doodstil langs haar sit terwyl sy die kinders afrig. Dis waar alles begin het. Sy is verantwoordelik vir my verbeelding, my liefde vir boeke, my skryf, my liefde vir die mensdom, ensovoorts.”

Benewens die Lotto-statistiek wat nie juis in sy guns tel nie, besef jy ook hoe langer jy met hom praat dat hy bloot nie menslik daartoe in staat is hom net op een ding toe te spits nie. Daarvoor is sy verstand te lewendig, sy algemene nuuskierighedsfaktor té hoog en sy vermoëns skynbaar onbeperk. Gelukkig wil dit voorkom of teater die gemene deler in die meeste van sy belangstellings is.

“Net voor die lig aangaan, is daar ’n oomblik van oneindige potensiaal.”



Nico Scheepers is betrokke by drie Woordfees-stukke. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

En die magiese is sy kos. “In daardie splitsekonde net voor die lig aangaan, is daar ’n ongelooflike oomblik van oneindige potensiaal. Letterlik enigiets kan gebeur. Dit kan óf die beste óf die slegste ervaring van jou lewe wees. Die lug vibreer behoorlik. Dis my gunstelingding omtrent teater.”

Hy is ook ’n groot bewonderaar van die beroemde Studio Ghibli se animasie-rolprente. Hy rits hul name af en sê: “As jy my hart oopmaak, sal jy daar ’n plek vir elkeen van daardie rolprente kry.”

Hy klap sy hande. “Die punt waar my hande bymekaar kom,” verduidelik hy, “daar is aksie. Die oomblikke tussenin noem die Japanees ‘ma’. Dit is die stil oomblikke waar storie gebeur; waar ons bloot ons naakte self is.”

In die verloop van twee ure, gaan draai die gesprek by ’n duisend dinge, elkeen meer fascinerend as die ander: *Die rede vir sy sit en staan*, naamlik die boek wat hy al sedert Oktober 2010 skryf (hy’t al 70 000 woorde klaar); die ondersteuning van sy teatervriende en studentemaats soos Wessel Pre-

torius en die Stellenbosch-alumni; sy dankbaarheid teenoor sy mentors Hennie van Greunen en Pedro Kruger; sy slaafse liefde vir fantasieboeke, want “there is

wonderment in everything, but it is never more present than in fantasy”; presies hoeveel keer hy al die *Lord of the Rings*-trilogie én al die “special features” gekyk het; die

Amper, Vrystaat is vandag om 15:00 en 21:00 te sien, en môreoggend om 10:00.

tale van J. R. R. Tolkien wat hy kan praat; die CD wat sy band Signal Hill pas opgeneem het; presies hoe lief hy daarvoor is om monoloë te skryf; sy vasberadenheid om steeds die fisieke teater as uitdrukkingsmedium te gebruik en bevorder; dat hy tegniese tekeninge as vak op skool gedoen het, so hy kan die planne vir sy stelontwerp teken en dit vir die regisseur gee om te laat bou; en dat hy ontwerp beskou as ’n onlosmaaklike deel van regie, want dis alles deel van een visie.

Skielik besef Scheepers daar’s nog baie om te doen voor die Woordfees begin.

“Ek moet nog *Rooivalk* se hele stel bou,” roep hy. “Ek hou mos nie daarvan om baie geld te bestee nie, so ek wil dit doen vir R500.

So, as dit moerse indrukwekkend is, onthou dit het minder as R500 gekos. Maar nou moet ek dit nog eers klaar skryf!” En daar trek hy, dié 28-jarige wonderkind.

– Marina Griebenow

DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT

kultuur, natuur, plesier

PAARL



Uitstallings in ons tuin

Exhibitions in our garden

Groen
Galery



12 digters • Okt '15 - Mrt '16

Edam Small

Breyten Breytenbach

Carina Stander

Clinton V du Plessis

Diana Ferrus

Hemelbesem

Johann Lodewyk Marais

Koos Kombuis

Louis Esterhuizen

Marius Titus

Marlise Joubert

Stef Bos


Tel. 021 863 0543 / 4809 www.taalmonument.co.za

Afrikaanse Taalmonument

@taalmonument

breytenbachsentrum

Die Afrikaanse
Taalmuseum
& -monument
’n agentskap van die
Departement van Kuns en Kultuur



Luna
Paige
Nick
Turner
&
Hatchetman

Woordfees


Laer as laag

6 Maart 12:30, 12 Maart 18:00 | 80min | R130 | R150 by die deur

kraakvars fiksie



Kaptein Nicci de Wee betree die donker onderwêreld van mensehandel in die Kaap in *Slaafs*, Bettina Wyngaard se splinternuwe riller.



Spoke uit haar verlede dryf ’n Suid-Afrikaner in Londen tot gevaarlike seksuele vergrype in *Malhuis*, Anel Heydenrych se aangrypende debuut.



Penguin
Random House
South Africa

Nou beskikbaar in winkels en as ’n eBoek.



MOET DIT NIE MISLOOP NIE!

SUZETTE KOTZE-MYBURGH GESELS MET ANEL HEYDENRYCH
OOR HAAR DEBUUR ROMAN, *MALHUIS*.

Besonderhede:

12 Maart 13:00 | HB Thom-Foyer | 60 min | Gratis

‘Wij zijn evenwijdig’

Maud Vanhauwaert, bekroonde jong Belgiese digter en aktrise, was gister in die HB Thom-foyer in gesprek met Alfred Schaffer. FOTO: NATALIE GABRIELS



‘Weet jou ma jy’s hier?’ lei tot encore

Sien ek jou, sien ek my. Debuut. Deurbraak. 10 Maart.

Is ABBA in Afrikaans iets waarby gehore sal aanklank vind? Dit is die vraag wat Emilé Hager en Elana Heyns hulself afgevra het toe hulle vyf jaar gelede begin het om die tydlose popgroep ABBA se lirieke in Afrikaans te verwerk. Sien ek jou, sien ek my het Donderdagaand sy debuut by die Oude Libertas-ouditorium gemaak. Lucas Heinen het bekende melodieë soos “The Winner Takes It All” en

“Knowing Me, Knowing You” uit die klavier opgetower en Hager het die splinternuwe lirieke van “Vergewe en Vergeet” en “Sien ek jou, sien ek my” gesing. Liedjies is spesifiek uitgesoek en georden om ’n verhaal van liefde en verlies uit te beeld. Die verlies aan ’n werkende mikrofoon en ’n vroulike speler (soos op die program aangedui) het darem nie die gehoor van stryk gebring nie. Daar is lustig saamgeklap, en wolwefluite het opgeklank wanneer Hager, in ’n leerspanbroek en ’n wit moulose T-hemp, sy bos donker krulhare agteroor

gegooi het. “Does Your Mother Know” het sommer “Weet jou ma jy’s hier” geword, en die gehoor het geskater. Volgens Hager het hulle na Spaanse en Duitse vertalings gekyk, maar het daarteen gewaak om die Afrikaanse weergawe te geforseer te laat klink. “In plaas daarvan om direkte vertalings te doen, het ons eerder net die deurlopende tema van die lied behou,” het hy gesê. Die antwoord op Hager en Heyns se vraag het in die encore en die staande ovasie aan die einde gelê. – Lynné Schoeman

“Vergewe en vergeet” (The Winner Takes It All) Oorspronklike lirieke deur Emilé Hager

Vra my eenkeer weer
Vertel jou wat gebeur het
Sal nie juis kan sê
Die storie iewers verlê
Vertel jou wat ek weet
Ek het myself vergeet
Jou laaikas staan nou leeg
Ver van hoop, naby vrees

Vergewe en vergeet
My liefde afgemeet
Die tyd sal my moet leer
Vernuwung in die seer

By jou verewig wees
Is al waarvoor ek gewens het
Al was ek tog herinner
Aan die gepeupel se geskinder
Soos ongenooide gas
Moes ek huis se kant toe staan
Al was dit nie eens aand
Eendag sal ek verstaan

Maar jy het klaar besluit
Ek vee my woorde uit
Koeverte in die pos
Die leisels albei los
Vergewe en vergeet
My liefde afgemeet
Die tyd moet my nog leer
Vernuwung in die seer

Sê jy nou koebaai?
Of sien jou gou-gou weer?
Gevoelens van berou?
Meer afgebyt as wat ek kon kou...
Gevra om te loop
Al ons tyd saam te sloop
Vir lank kon ek huil
In die pyn donker skuil

Maar ek moet die lewe hou
My hart weereens herbou
Om klaar oor jou te rou
Weer leer om te vertrou
Maar waar sal ek begin
My liefde te herwin
Tussen hoop en tussen vrees
Vergewe en vergeet

Vra my eenkeer weer
Vertel hoe dit gevoel het
Gister is nie vandag
More kan ook maar wag
Dit breek my om te breuk
om weg te loop en te vergeet
Wie het die reëls gemaak?
Maak nie eens meer saak...
Want dis net
Vergewe en vergeet
Vergewe en vergeet...

“Sien ek jou, sien ek my” (Knowing Me, Knowing You)

Drome, sonder, name
leë, kamers, trane
Hier is waar die storie eindig,
die huis staan nou leeg
Trane in my oë, ek sê totsiens

Sien ek jou, sien ek my (ah-haa)
loop jy weer hier by my verby
Sien ek jou, sien ek my (ahhaa)
ek’t nog nie vergeet nie, hoe kon jy?

Steeds wens ek dit was nie als verby,
maar ek moet myself bevry
Sien ek jou, sien ek my
Ons tyd is verby

Verlede, vergewe, nie vergete
By bly, sal dit my, verewig
Staan jy weer hier voor my deur,
hoed in die hand
Elke klop ’n wond wat skeur,
ek staan versteen

Sien ek jou, sien ek my (ah-haa)
loop jy weer hier by my verby
Sien ek jou, sien ek my (ahhaa)
ek’t nog nie vergeet nie, hoe kon jy?

Steeds wens ek dit was nie als verby,
maar die grens is reeds oorskry
Sien ek jou, sien ek my
Ons tyd is verby

ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL
Healing Self - Healing Society

remiered in 2015, Artscape Spiritual Festival is a platform that theatre practitioners and directors are able to tell their personal narratives and collective memories in spiritual and religious interpretations. It allows an interaction between artists and audience through music, dance, poetry, monologues, storytelling, live arts and site specific installations. Various productions present excellent performances expressing all religions bringing audience closer to understanding our spiritual diversity and religious practices.

ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS A DOUBLE BILL: IBUZENI THE GIRLS
DIRECTED BY KOLEKA PUTHA | DIRECTED BY ROEL THILASTRA
MUSICAL DIRECTION BY JERRY POOR
ARTSCAPE ARENA
HEALING SELF-HEALING SOCIETY
1-21 MARCH

DESTINED FOR GREATNESS PRESENTS "Healing Self, Healing Society" MARRIAGE SEM
CONFERENCE HOSTS: DE DAVID MOLAPO, DE MARIE MOLAPO
GUEST SPEAKERS: DE DAVID MOLAPO, DE MARIE MOLAPO
21 MARCH '16
ARTSCAPE THEATRE
13:00-16:00
BOOKS WILL BE ON SALE!

ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS A BROKEN WING
WITH MTSIKI SIGEE & MABONGI THUSI & THE OAK
HEALING SELF, HEALING SOCIETY
FEATURING AWARD WINNING MPELESENI MAGUBANE
23 MARCH 2016
7:30 PM

ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS PALEHO
HEALING SELF - HEALING SOCIETY
ARTSCAPE ARENA
29&30 MARCH 2016

ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL HEALING SELF - HEALING SOCIETY PRESENTS AROUND THE FIRE
ARTSCAPE THEATRE
31 MARCH, 8PM

ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS DIE WOORDE/AMAZWI
THE AFRICAN REINTERPRETATION OF ARTS IN QUALITY AND SPIRITUALITY IN AFRICA
HEALING SELF - HEALING SOCIETY
ARTSCAPE ARENA
2 APRIL 2016
FEATURING F.O.B. THEATRE IN THE BACK YARD, HUNTERDANCE PROJECT, BRICK PRODUCTIONS, LUCIANO WHITTY (FUNK), WITH MELLE JON, AND RABY WISE

ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL presents CHUMANI NGOJO & NU PRAIZE CO / DVD RECORDING
ARTSCAPE THEATRE
SAT, 2 APRIL 2016
19:00PM - 21:00PM, ADMISSION R150 & R200 (VIP)

DIE BOEKKLUB

almal het 'n storie...

🐦 @kyknettv #boekklub kyknet.tv



kykNET

Dinsdae 20:30

DStv